# Datsun 1600 SSS




WWW.RATDAT.COM

# the dramatic new super sports sedan

# die dramatiese nuwe super sport sedan









The SSS *motif* on the Datsun 1600 is an invitation to the man who wants the *most* from his car: the *most* in performance, the *most* in comfort and the *most* in engineering refinements.
This is the car that has dominated the 1969 rally scene in Southern Africa. In the East African Safari alone, the toughest rally in the world, Datsun 1600 SSS took first six places in its class.

Die SSS *kenteken* aan die Datsun 1600 is 'n uitdaging aan die man wat die *allermeeste* van sy motor verlang: die *beste* verfyning, die *grootste* gerief en die *hoogtepunt* in ingenieursvernuf.

The dash isn't the only difference from the 1600 standard. But it lets you know immediately that there is a lot of performance tucked away beneath the bonnet. The moulded wood, dished steering wheel feels good in your hands and you face non-glare professional instruments that are easy to read. A rev. counter and tripmeter are standard.

Die instrumentepaneel is nie die enigste verskil nie, maar dit spreek onmiddelik van die moontlikhede wat onder die enjinkap versteek lê.
Die gevormde houtraam stuurwiel boesem dadelik vertroue in terwyl die beroeps-tipe skitterwerende instrumente maklik leesbaar is. Rit- en toeremeters is standaard.

There's a short-throw, temptingly-placed gear lever that whips in and out of four gears. They're all synchromeshed to help you reach a top speed of 105 m.p.h.; 0 to 60 is covered in 10.2 seconds. (Motoring Mirror).

Die kort ratstang wat deur die ratte glip, is verlokkend en gerieflik byderhand. Volle sinchronisering laat u topsnelheid van 105 m.p.u. bereik; 0 tot 60 word in net 10.2 sekondes gehaal. (Motoring Mirror).

Dit is die motor wat die 1969 tydrentoneel in Suider Afrika oorheers. In die Oos-Afrika Safari alleen, die taaiste tydren ter wêreld, het die Datsun 1600 SSS die eerste ses plekke in sy klas verower.

On the outside one of the first things that draws your attention are the chrome disc wheels. Inside, plush front bucket seats recline all the way back. The Datsun 1600 SSS has a 3-speed heater, demister and fan, flow-through ventilation and a sound proof interior. The front and back are designed to crumple progressively under impact leaving the sturdily built passenger compartment intact.

Uiterlik trek die verchroomde skyfwiele heel eerste die aandag. Binne leun die voorste holrugsitplekke ten volle terug. Die Datsun 1600 SSS het 'n 3-spoed verwarmer, ontwasemer en waaier, deurvloei lugreëling en 'n klankdigte kajuit. Die voor- en agterkant is ontwerp om in 'n botsing stuksgewys te frommel en die stewige kajuit ongeskonde te laat.

WWW.RATDAT.COM









It's good to know, when driving a sports sedan with such remarkable performance, that under the bonnet you've got the finest and most expensive engineering features. Four-wheel independent coil suspension with semi-trailing rear arms and double acting telescopic shocks give sportscar handling. Disc brakes up front are standard. So are the dual master cylinder and dual venturi carburettors. All features are fully integrated, each conceived by the world's finest design engineers to give you a most remarkable sports sedan.

As 'n mens so 'n merkwaardige sportsedan bestuur, stel dit jou gerus om te weet die verrigting word gesteun deur die beste en duurste ingenieurseienskappe. Soos die 4-wiel onafhanklike vering met halfslepende agterarms en die dubbelwerkende teleskopiese skokbrekers wat sportmotorverrigting verskaf. Kragskyfremme voor is standaard asook die dubbelhoofsilinder en dubbel venturi-vergassers. Die motor as geheel vorm 'n integrale eenheid en elke eienskap is vervolmaak deur eersterangse ingenieurs om u 'n werklik merkwaardige sportsedan te bied.

WWW.RATDAT.COM

## Specifications

ENGINE: 4-cylinder, in-line, water cooled, 4-cycle, O.H.C. Bore x Stroke 3.27 x 2.90 in. Displacement 1,595 c.c. (97.3 cu. in.) Max. BHP 109 at 6,000 rpm (SAE). Max. torque 103.4 ft./lb. at 4,000 rpm (SAE). Compression ratio 9.5:1 Licensing H.P. 17.1

TRANSMISSION: All synchromesh, 4-speed with floor shift. Gear ratio: 1st 3.38, 2nd 2.01, 3rd 1.31, top 1.00. Rev. 3.36. Dry single disc clutch with diaphragm spring.

FUEL SYSTEM: Variable venturi side draft twin carbs. Mechanical type diaphragm fuel pump. Paper element type air cleaner. Fuel tank approx. 10 imp. galls.

COOLING SYSTEM: Pressurized radiator. Belt driven fan and centrifugal water pump with thermostat.

FRONT SUSPENSION: Independent strut type with tension rod and stabilizer.

REAR SUSPENSION AND AXLES: Fully independent semi-trailing arm and coil springs with telescopic double-acting shock absorbers. Semi-floating rear axle. Hypoid type final gear. Gear ratio 3.70 to 1.

STEERING: Recirculating ball type gear. Gear ratio 15.5:1.

WHEELS AND TYRES: Steel disc wheels. 165 x 13 radial ply tyres.

BRAKES: Hydraulic service brakes. Front discs, rear leading and trailing shoes. Mechanical parking brake on rear wheels.

ELECTRICAL SYSTEM: 12 volt, 40 AH battery. 12 volt, 250 watt alternator with regulator. 12 volt, 1.4 hp magnetic shift starter motor.

BODY WORK: 4-door sedan. All steel unitary body. Fully upholstered with vinyl leather. Factory undercoating. Safety glass on all windows. Adjustable fully reclining front bucket seats. Fully carpeted floor. Safety belt anchorages for front seats. 2-speed wipers. Ash trays front and rear. Lockable glove compartment. Interior rear view mirror. Two sunvisors. Self-cancelling indicator. Light selector lever. Reversing lights. Side flasher lamps. Chrome wheel covers. Lockable fuel cap. Parcel tray. Boot floor mat. Flow-through ventilation. Windscreen washer. Bumper overriders. Cigarette lighter. Arm rests on all doors. Assist strap. Full instrumentation including rev. counter.

DIMENSIONS AND PERFORMANCE: Length 162.2 in. Width 61.4 in. Height 55.1 in. Wheelbase 95.3 in. Tread (front) 50.4 in. (rear) 50.4 in. Weight 2,050 lb. Seating for five. Ground Clearance 7.5 in. Max. Speed 105 mph. Max. Gradeability 0.389.

**NOTE: These specifications are subject to change without notice**

## Spesifikasies

ENJIN: Viersilinder in-lyn, waterverkoelde, vierslag, bonokasenjin. Boor en slag 3.27 x 2.90 dm. Suierverplasing 1,595 c.c. (97.3 kub. dm.) Maks. rpk. 109 teen 6,000 o.p.m. (SAE). Maks. Wringkrag 103.4 vt./lb. teen 4,000 o.p.m. (SAE). Drukverhouding 9.5:1. Lisensieperdekrag 17.1

TRANSMISSIE: Sinchronisering deurgaans met vloerhefboom. Ratverhoudings: 1ste 3.38; 2de 2.01; 3de 1.31; 4de 1.00; Tru 3.36. Enkel droëskyf koppelaar met diafragmaveer.

BRANDSTOFSTELSEL: Reëlbare Venturi kantstroom dubbelvergassers. Meganiese-tipe diafragma-brandstofpomp. Papier elementlugfilter. Tenkinhoud ± 10 imp. gel.

KOELSTELSEL: Druk-tipe verkoeler. Bandaangedrewe waaier en sentrifugale waterpomp met termostaat.

VOORVERING: Onafhanklike stut-tipe met spanstaaf en stabiliseerder.

AGTERVERING EN -ASSE: Ten volle onafhanklike halfslepende arms met kronkelvere en dubbelwerkende teleskopiese skokbrekers. Half-vry agteras. Hipoïde-tipe finale rat. Ratverhouding 3.70:1.

STUUR: Hersirkulerende bal-tipe. Verhouding 15.5:1.

WIELE EN BANDE: Staal skyfwiele 165 x 13 straallaagbande.

REMME: Hidrouliese Skyfremme voor. Primêre en sekondêre remskoene agter. Meganiese parkeerrem slegs op agterwiele.

ELEKTRIES: 12-volt, 40 AU battery. 12-volt 250 watt alternator met reëlaar. 12-volt 1.4 pk. magnetiese skuifaansitter.

BAKWERK: Vierdeur sedan. Volstaal bakeenheid. Deurgaans bekleed met vinielleer. Fabrieksonderlaag. Veiligheidsglas aan alle vensters. Verstelbare terugleun-voorsitplekke. Veiligheidsgordels voor. 2-Spoed ruitveërs. Asbakke voor en agter. Rommelkas met slot. Binne-truspieël. Twee sonskerms. Selfkansellerende rigtingwysers. Lig-kieskakelaar. Trulig. Kantflikkerligte. Verchroomde naafdoppe. Brandstoftenkkap met slot. Pakketterak. Mat in bagasieruim. Deurvloeilugreëling. Ruitwasser. Rubberbeskermstuk aan stampers. Sigaretaansteker. Steunstukke aan alle deure. Hangstroppe. Volle instrumentasie, met toeremeter.

MATE EN VERRIGTING: Lengte 162.2 dm., wydte 61.4 dm., hoogte 55.1 dm., asafstand 95.3 dm., Loopvlak (voor) 50.4 dm., (agter) 50.4 dm., gewig 2,050 lb., sitplek – 5 vryruimte 7.5 dm., maks. snelheid 105 m.p.u., maks. klimvermoë 0.389.

**OPMERKING: Hierdie spesifikasies is onderworpe aan wysiging sonder kennisgewing**

**Manufactured and distributed by:**
**Vervaardig en versprei deur:**
**Datsun-Nissan, Rosslyn, Transvaal.**

WWW.RATDAT.COM